

InfoForum

Nuusbrief van die Ferdinand Postma-Biblioteek

Volume 3(1), Maart 2003

Redaksioneel...

Die belangrikste (en dalk enigste) wyse waarop waarde aan kritiese inligtingsverskaffing toegevoeg kan word, is deur die werk van kundige en toegewyde mense. Daarvan het die Ferdinand Postma-Biblioteek genoeg. Ons neem egter nie daarom minder swaar afskeid van twee van hulle wat binnekort aftree nie. [Lees gerus meer hieroor ...](#)

Community of Science

Community of Science (COS) is 'n dinamiese WebWerf vir die totale Navorsings- & Ontwikkelingsgemeenskap, en bring die wêreld se mees prominente wetenskaplikes en navorsers van meer as 1,300 universiteite, liggame en regeringsinstansies bymekaar. COS voorsien gereedskap en dienste wat hierde professionele persone in staat stel om te kommunikeer maar veral om fondse en navorsingsondersteuning te vind wat belangrik is in hulle werk. [Meer hieroor ...](#)



Al hoe meer tradisioneel

bibliografiese databasisse is nou beskikbaar via **EbscoHost**. [Kyk gerus na 'n lys](#) van die titels.

LIASA het 17 tot 22 Maart 2003 verklaar as die Suid-Afrikaanse **Biblioteekweek**, met die spreekwoord: "Jou reg om te lees". Kom kyk gerus na die uitstalling in die Ferdinand Postma-Biblioteek. Daar sal ook 'n uitstalling wees van prof. Piet van der Schyff se boek "Wonderdaad".

Die Biblioteek het twee

opleidingslokale nl., [Besembos](#) en [Tarentaal](#) wat deur personeel en studente by die Inligtingstonbank, of by 299 2802, bespreek kan word.



Die Beilstein/Gmelin Chemie databasis

wat deur SASOL beskikbaar gestel word, is nou beskikbaar by Chemie en Farmaseutiese Chemie vir die gemak van die studente en dosente.

Die Galery in die Ferdinand Postma-Biblioteek is beskikbaar gestel vir universiteitsgeleenthede. Indien u belangstel om dit te huur kyk gerus na die volgende [inligting](#).



Die Biblioteek het ingeteken

op Delphion, 'n patente-databasis, wat onder andere volteks patente bevat. [Meer hieroor ...](#)



Prof Willemien du Plessis en haar span indekseer die **Tydskrif vir Hedendaagse**

Romeins-Hollandse Reg (THRHR) nou al vir jare op InMagic. Met die biblioteek se hulp is die program nou ook op die Internet beskikbaar.

Het u enige **voornemende nagraadse studente** wat nog nie geregistreer is nie, maar van die biblioteek se dienste gebruik wil maak? [Lees hier hoe hulle dit kan doen](#).

Argief hier beskikbaar

Redaksioneel



Die ouens wat vinnig van biblioteke wil ontslae raak, maak gewoonlik of dit bloot 'n boekestoor is wat deur 'n paar voorraadklerke bedryf word. Diegene wat biblioteke aktief gebruik, weet dat daar meer waarde toegevoeg word as datumstempels voorin en dat biblioteke hulle lankal nie meer net tevrede stel om boeke en tydskrifte passief op die rak te laat staan nie.

Die belangrikste (en dalk enigste) wyse waarop waarde aan kritiese inligtingsverskaffing toegevoeg kan word, is deur die werk van kundige en toegewyde mense. Daarvan het die Ferdinand Postma-Biblioteek genoeg. Ons neem egter nie daarom minder swaar afskeid van twee van hulle wat binnekort aftree nie.



Ans Geertsema van ons Interbiblioteeklening-afdeling tree aan die einde van Maart 2003 af. Sy is hoofsaaklik verantwoordelik vir die duisende boeke en tydskrifartikels wat ons jaarliks aan ander biblioteke in Suid-Afrika voorsien. Saam met haar kollegas in die afdeling het sy help verseker dat ons, soos in ander afdelings, met minder mense 'n beter diens as baie van ons kollegas lewer. 'n Goeie interbiblioteeklendingdiens ondersteun nie net ons eie gebruikers nie, maar help ook om die Universiteit se aansien as 'n waardige deelnemer aan die stelsel van hoër onderwys in die land te verseker.



Bessie van der Walt tree aan die einde van Mei 2003 af as hoof van die Afdeling Inligtingsontwikkeling. Dis die afdeling wat verantwoordelik is vir die daarstelling van al die tegniese infrastruktuur vir die Biblioteek se inligtingsdienste en vir die toetsing en aanvanklike implementering van nuwe rekenaargebaseerde stelsels. Die lede van hierdie klein afdeling staan aan die skerpkant van die wonderlike ontwikkelings in die rigting van 'n virtuele biblioteek wat in die afgelope jare op die kampus plaasgevind het en waaroor ons met die bestes kan saampraat.

Ons groet hierdie twee kollegas soos altyd nie sonder hartseer nie, maar ook met groot dankbaarheid vir die uitnemende werk wat hulle gedoen het en vir die wyse waarop hulle gesindheid van diensbaarheid gehelp het om van die Biblioteek nog minder van 'n boekestoor te maak.

Tom Larney
Direkteur Biblioteekdienste



<-- [Zoom out](#) -->

Search for Funding

- ▶ **Funding for South Africa based research**
View grants focused on South Africa research.
- ▶ **Funding for citizens of South Africa**
Search for grants available to citizens of South Africa.
- ▶ **Funding for activities to be conducted in South Africa**
Search for grants that may be conducted in South Africa.
- ▶ **Funding worldwide**
Search for grants worldwide.

Search for Experts

- ▶ **Experts in South Africa**
Search for experts in South Africa.
- ▶ **Experts at Research Institutions in South Africa**
Search for experts at research institutions in South Africa.
- ▶ **Experts worldwide**
Search for experts worldwide.



Community of Science

Word deel van die wêreldwye tuiste van wetenskaplikes. Die PU vir CHO is ingeteken op sekere dienste van die Community of Science wat u in staat stel om nasionale en internasionale NAVORSINGSFONDSE te bekom, om kontak te maak met ander wetenskaplikes op u navorsingsgebied en om u eie CV beskikbaar te stel aan ander deelnemers van COS.

Community of Science word geadministreer deur die kantoor van die Dekaan Navorsing. Kontak Ilse Louw (x1366) om uit te vind watter fondsgleenthede vir personeel en nagraadse studente beskikbaar is. Opleiding en handleidings in die gebruik van COS kan verskaf word deur [Erika Rood](#) (x 2828) van die Ferdinand Postma-Biblioteek.

Kom sluit aan by die dinamiese navorsingsgemeenskap by:

<http://www.puk.ac.za/biblioteek/>

Kies dan WWW-databasisse en dan Community of Science

OF

gebruik die adres: <http://www.cos.com/cgi-bin/international/view/10/213>

U kan ook persoonlik registreer by die volgende adres: <http://registration.cos.com/cos/basic.html>





EbscoHost

Via EbscoHost bied die biblioteek toegang tot 'n verskeidenheid databasisse deur middel van dieselfde soekskerm. Dit impliseer dat daar op 'n paar databasisse gelyktydig gesoek kan word. Die grootste voordeel van die program is, dat gebruikers elektroniese toegang het tot volteks tydskrifartikels. Vir meer inligting gaan direk na die [EBSCOhost](http://www.ebscohost.com) adres of volg die volgende stappe:

- Gaan na die biblioteek se webblad by <http://www.puk.ac.za/biblioteek/>
- Klik op WWW-Databasisse
- Klik op Internasionale Bibliografiese en/of Volteks Databasisse
- Klik op EbscoHost Web
- Klik weer op EbscoHost Web

Die lys soortgelyk aan die onderstaande een verskyn op die skerm. Kyk gerus watter vakgebiede ingesluit word.

Academic Search Premier

The world's largest academic multi-disciplinary database, *Academic Search Premier* provides full text for more than 3,800 scholarly publications, including full text for nearly 2,800 peer-reviewed journals. Coverage spans virtually every area of academic study and offers information dating as far back as 1975. This database is updated on a daily basis via *EBSCOhost*.

Agricola

This bibliographic database provides more than 2.5 million citations from the U.S. Department of Agriculture's National Agricultural Library. Coverage for this database dates back to 1979. AGRICOLA offers a variety of source types related to agriculture.

Applied Science & Technology Abstracts

This database, produced by the H.W. Wilson Company, contains more than 560 English-language, scientific and technical publications. Applied Science & Technology Abstracts contains abstracting of periodicals from March 1993 to the present and indexing from October 1983 to the present.

Business Source Premier

As the world's largest full text business database, *Business Source Premier* provides full text for more than 2,950 scholarly business journals, including full text for nearly 900 peer-reviewed business publications. Coverage includes virtually all subject areas related to business. This database provides full text (PDF) for more than 300 of the top scholarly journals dating as far back as 1922. This database is updated on a daily basis via *EBSCOhost*.

ERIC

ERIC, the Educational Resource Information Center contains more than 2,200 digests along with references for additional information and citations and abstracts from over 980 educational and education-related journals.

Health Source: Nursing/Academic Edition

This database provides nearly 600 scholarly full text journals focusing on many medical disciplines. *Health Source: Nursing/Academic Edition* also features abstracts and indexing for nearly 850 journals. This database is updated on a daily basis.

Inspec

Inspec is the leading bibliographic database providing abstracts and indexing to the world's scientific and technical literature. Containing over 7 million records, *Inspec* provides coverage from over 3,500 journals, 1,500 conference proceedings as well as numerous books, dissertations and reports. This database is produced by the IEE (Institution of Electrical Engineers).

MEDLINE

MEDLINE provides authoritative medical information on medicine, nursing, dentistry, veterinary medicine, the health care system, pre-clinical sciences, and much more. Created by the National Library of Medicine, MEDLINE allows users to search abstracts from over 4,600 current biomedical journals. Latest update file 1/9/03.

MLA International Bibliography

MLA International Bibliography is a bibliography of journal articles, books and dissertations. Produced by the Modern Language Association, the electronic version of the Bibliography dates back to 1963 and contains over 1.5 million citations from more than 4,400 journals and series and 1,000 book publishers.

PsycINFO

PsycINFO contains more than 1.8 million citations and summaries of journal articles, book chapters, books, dissertations and technical reports, all in the field of psychology. Journal coverage, which dates back to the 1800s, includes international material selected from more than 1,700 periodicals in over 30 languages. More than 60,000 records are added each year.










Die Galery in die Ferdinand Postma-Biblioteek is beskikbaar vir verhuring vir universiteitsgeleenthede

Alhoewel die [Galery](#) in die eerste plek 'n kunsuitstallokaal is, word dit ook beskikbaar gestel vir universiteits- en ander aangeleenthede waarvan die aard en aktiwiteite versoenbaar is met die kunswerke in die lokaal en die akademiese atmosfeer van die Biblioteek. Die lokaal huisves lopend die permanente kunsversameling van die Universiteit en is daaglik oop vanaf 11:00 tot 16:00, behalwe wanneer voorbereidings vir geleenthede getref word of met verwisseling van uitstallings.

Die lokaal is van 'n kombuis voorsien wat onthale tydens geleenthede moontlik maak. Aansitetas moet egter tot tagtig persone beperk word. Met buffetetas kan heelwat meer gaste geakkommodeer word.

Om die lokaal vir geleenthede te bespreek, kan u met Hester Spoelstra (x2783 of fpbhjs@puknet.puk.ac.za) in verbinding tree. Die koste vir die huur van die lokaal is in ooreenstemming met ander lokale op die kampus en sal met die bespreking aan u deurgegee word.






Delphion

Die belangrikste internasionale patente is beskikbaar deur middel van [Delphion](#). Dit sluit die volgende versamelings in: "US Patents , Europe, Japan, World Intellectual Property Organization, INPADOC and Derwent." Lees meer oor elk van die versamelings by http://www.delphion.com/collect_descrip

Verskaf by die **Log in**: Username: **anriette**
Password: **delphion**

'n Nuttige tutoriaal word gevind links-onder en regs-middel onder **Quick Tour**. Slegs **een** gebruiker word per keer toegelaat. Wanneer u soektog afgehandel is, verlaat asb die webblad (**Log out**) sodat 'n ander gebruiker ook die webblad kan benut.





Biblioteekdiens aan voornemende M- en D-studente

Daar bestaan 'n gebruikerskategorie by die Biblioteek vir voornemend M- en D-studente wat nog in 'n voorbereidende fase werk aan die navorsingsvoorlegging. Om hierdie studente die geleentheid te bied om eers die navorsingsveld en die beskikbare inligtingsbronne te verken, bied hierdie kategorie aan studente die geleentheid om, teen R250, die Biblioteek vir 6 maande te gebruik. Die verkryging van 'n diverse gebruikerskaart is dan daarby ingesluit.

Gedurende hierdie tydperk kry hierdie gebruikers volle nagraadse voordele, wat IBL en volledige inligtingsoektogte op afspraak by die inligtingspersoneel insluit. Dit sluit selfs 'n gratis posdiens asook elektroniese aflewering van inligting in.

Om in hierdie kategorie te kan registreer, moet die betrokke student 'n aanbevelingsbrief vanaf sy voornemende studieleier verkry of die aansoekvorm by die Biblioteek voltooi waarop die betrokke dosent die aanbeveling kan bevestig. Die dosent se aanbeveling dien net vir ons as versekering dat die student doelgerig onder leiding werk en definitief verdere studie aan die PU vir CHO beoog. Hierdie tydperk kan ongelukking nie verleng word nie en is nie bedoel om die plek van formele registrasie as student in te neem nie. Ons poog hierdeur om dit vir studente makliker te maak om binne die voorgeskrewe tydperk sy studie te kan afhandel deurdat hy / sy beter voorberei en toegerus is wanneer hy formeel registreer.

